

# Klipkerk *Lectio Divina*

## In die week ...

Jy word genooi om die *journey* rondom die week se Skrifgedeelte voort te sit. Die volgende praktyk mag jou hierin help:

### *Preparation*

Vind vir jou 'n stil plek – en sny jou af van stimulasie (selfoon, televisie, radio, geraas).

Doen wat jy nodig het om teenwoordig te wees.

Baie mense vind dit voordelig om te konsentreer op hulle liggaam – om bewus te word van die stoel waarop jy sit, of om te konsentreer op jou asemhaling.

Sit in 'n posisie wat jy gemaklik kan volhou vir 'n hele tydjie.

### *Passage*

Lees die Skrifgedeelte vir die eerste keer deur – stadig en aandagtig.

"And when you come before God, don't turn that into a theatrical production either. All these people making a regular show out of their prayers, hoping for stardom! Do you think God sits in a box seat? "Here's what I want you to do: Find a quiet, secluded place so you won't be tempted to role-play before God. Just be there as simply and honestly as you can manage. The focus will shift from you to God, and you will begin to sense his grace. "The world is full of so-called prayer warriors who are prayer-ignorant. They're full of formulas and programs and advice, peddling techniques for getting what you want from God. Don't fall for that nonsense. This is your Father you are dealing with, and he knows better than you what you need.

### **Matthew 6:5-8 (The Message)**

Lees die Skrifgedeelte vir 'n tweede keer deur.

Watter woord, konsep of beeld staan vir jou uit en tref jou hart?

### *Ponder*

Reflekteer op dit wat na jou toe gekom het uit die Skrifgedeelte.

Hoe word my lewe hierdeur geraak?

Hoe sal dit lyk, voel en wees as ek dit leef?

Wat het ek nodig om dit te doen?

### *Prayer*

Reageer met 'n persoonlike en spontane gebed.

### *Peace*

Word vir 'n vasgestelde tyd (begin met 10 minute) stil.

Bring jou gedagtes, hart en gemoed tot stilte – waar jy net saam God kan wees – bewus van sy liefdevolle teenwoordigheid.

Om innerlik stil te raak, kan een van die volgende maniere jou help:

\* herhaal 'n kort gebed (bv. die Jesus-gebed: "Jesus Christus, Seun van God, wees my, sondaar, genadig" of "Maranatha – kom, Here Jesus")

\* keer eenvoudig terug deur 'n gebedswoord (bv. Jesus, liefde, Vader, Immanuel) wat jou intensie bevestig om by God te rus sodra jy daarvan bewus word dat jou gedagtes dwaal.

### *Prayer*

Kom stadig uit die stilte met 'n gebed.

Die Onse Vader gebed (Mattheus 6:9-13) word deur baie gebruik om af te sluit.

Weeklikse tye vir *Lectio Divina* in Klipkerk:

Maandae tot Donderdae 12h00

Sondae 18h00



t: 011 268 4700 / f: 011 268 4800

jacquesb@mosaiek.com / www.mosaiek.com

posbus 1658, fairland, 2030 / daniellestraat (af van Davidson / 14de laan), fairlands

© Opgestel deur: Jacques Bornman